7. The master/pilot may break the customs and excise seal as soon as the ship has passed beyond the limits of the port or as soon as the aircraft has departed direct for a destination outside the Republic, as the case may be, provided, in the case of a ship, that all physical contact with the shore has ceased.
8. (a) Excisable goods are goods which have been manufactured in the Republic of South Africa and are specified in Part 2 of Schedule No. 1 to the Customs and Excise Act (Act 91 of 1964). Such goods include, *inter alia*, the following: mineral waters and lemonade; spiritual beverages, wine and beer; cigarettes, cigars and other manufactured tobacco products.

(b) Sales duty goods are goods specified in Part 3 of Schedule No. 1 to the above-mentioned Act and include, *inter alia*, the following: perfumery and toilet preparations; films in packs or rolls; picture postcards and other stationery; travel requisites e.p., suitcases and travelling bags; articles of apparel of leather; articles of furskin; jewellery and watches; binoculars, cameras and other photographic equipment; radios and tape recorders; cigarette lighters. It should be noted that sales duty is levied on both imported and locally manufactured goods.

* Only in the case of ships or aircraft belonging to countries where provision is made for wine in the statutory list of provisions or rations.

ALGEMENE INLIGTING

(Bladsy 4)

1. Hierdie lys moet ingevul en gereed gehou word vir voorlegging aan die eerste doeane-en-aksynsbeampte wat die skip/vliegtuig besoek. Dit moet deur die gesagvoerder/loods en elke lid van die bemanning onderteken word, en elke persoon moet teenoor sy handtekening vermeld watter hoeveelhede verseëlbare goedere hy in sy besit het, of dat hy geen sodanige goedere in sy besit het nie.
2. Die gesagvoerder/loods, offisiere en ander lede van die bemanning wat op die skip/vliegtuig bly terwyl dit in die hawe/by die lughawe vertoef, kan elk die volgende verseëlbare goedere in ondervermelde hoeveelhede (genoeg vir vier dae) in sy besit hou:

	Tabak in enige vorm	Drinkbare spiritus in enige vorm	Wyn	Bier of stout
Die gesagvoerder/loods.....	Gram 230	Liter 1	Liter 3	Liter 3
Offisiere (met inbegrip van betaalmeesters, dokters, hoofbediendes, radio-operateurs en serangs).....	175	1 nul	3	3
Ander lede van die bemanning.....	115	nul	3*	nul

3. As die hoeveelhede in besit van die gesagvoerder/loods, offisiere of ander lede van die bemanning, die hoeveelhede in paragraaf 2 gespesifiseer nie te bowe gaan nie, is dit nie nodig om die goedere te vertoon nie, maar anders moet die totale hoeveelhede aan die doeane-en-aksynsbeampte vertoon word, wat die ekstra hoeveelhede sal verseël of, na betaling van reg, sal vrystel
4. In enige geval waar die gesagvoerder/loods, offisiere of ander lede van die bemanning meer as vier dae aan boord van die skip/vliegtuig bly, kan die Kontroleur van Doeane en Aksyns op versoek die uitreiking, vir gebruik aan boord, van die volgende verdere hoeveelhede per dag uit die verseëlbare voorrade magtig:

	Tabak in enige vorm	Drinkbare spiritus in enige vorm	Wyn	Bier of stout
Die gesagvoerder/loods.....	Gram 30	Milliliter 100	Liter 1	Liter 1
Offisiere (met inbegrip van betaalmeesters, dokters, hoofbediendes, radio-operateurs en serangs).....	25	100	1	1
Ander lede van die bemanning.....	15	nul	1*	nul

5. Verseëlbare artikels wat in besit van die gesagvoerder/loods, offisiere of enige ander bemanningslid gevind word kan, indien dit nie op hierdie lys aangetoon is nie, verbeurd verklaar en die persoon in wie se besit dit gevind word, vervolg word. Onverbruikte verseëlbare voorrade wat nie op hierdie lys aangetoon is nie kan insgelyks verbeurd verklaar en die gesagvoerder/loods vervolg word.
6. Tabak in enige vorm, drinkbare spiritus, wyn, bier en stout wat nie verseël is nie of wat uit verseëldde voorrade uitgereik word, sal aan elkeen wat ingevolge die voorgaande daarop geregtig is, afsonderlik uitgereik word, en nie in massa om deur die gesagvoerder/loods of ander persoon uitgedeel te word nie.
7. Die gesagvoerder/loods kan die doeane-en-aksynsseël breek sodra die skip oor die grense van die hawe uitgevaar het, of sodra die vliegtuig regstreeks na 'n bestemming buite die Republiek vertrek het, na gelang van die geval, met dien verstande dat, in die geval van 'n skip, alle fisiese verbinding met die land opgehou het.
8. (a) Synsbare goedere is goedere wat in die Republiek van Suid-Afrika vervaardig is en in Deel 2 van Bylae No.1 by die Doeane- en Aksynswet (Wet 91 van 1964) vermeld word. Sodanige goedere sluit, onder andere, die volgende in: mineraalwater en limonade; spiritualaie, wyn en bier; sigarette, sigare en ander bewerkte tabakprodukte.
- (b) Verkoopreggoedere is goedere wat in Deel 3 van Bylae No. 1 by bogenoemde Wet vermeld word en sluit, onder andere, die volgende in: parfumerie en toiletpreparate; films in pakke of rolle; prentposkaarte en ander skryfbehoeftes; reisbenodighede soos bv., handkoffers en reistasse; klerasie van leer; artikels van pels; juweliersware en horlosies; verkykers, kameras en ander fotografiese toerusting; radio's en bandopnemers; sigaretaanstekers. Geliewe daarop te let dat verkoopreg op beide ingevoerde en plaaslikvervaardigde goedere gehef word.

* Slegs in die geval van skepe/vliegtuie behorende aan lande waar vir wyn voorsiening gemaak word in die statutêre lys van proviand of rantsone.

NOTE: The form has been extended to provide for all the goods declared to be sealable goods on board a ship or aircraft.

OPMERKING: Die vorm word uitgebrei om voorsiening te maak vir al die goedere wat tot verseëlbare goedere aan boord 'n skip of vliegtuig verklaar is.

No. R. 2056 (Republic)]

[2 November 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/238).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.
SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
92.12 By the insertion before sub-heading No. 92.12.10 of the following: "92.12.05 Gramophone recordings (disc type), for teaching languages	no.	free"		

NOTE: Specific provision, free of duty, is made for gramophone recordings (disc type), for teaching languages.

No. R.2057 (Republic)]

[2 November 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/3/21).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 3 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister Of Finance.

SCHEDULE

I Sales Duty Item	II Tariff Heading and Description	III Rate of Sales Duty
148.00	By the substitution for tariff heading No. 92.12 of the following: "92.12 Gramophone records and other sound or similar recordings (excluding gramophone records for teaching languages and seismic recordings); prepared tapes, wires, strips and like articles of a kind commonly used for sound or similar recording	30%"

NOTE: Gramophone records, for teaching languages, are exempted from sales duty.

No. R. 2056 (Republiek)]

[2 November 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/238).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-Minister van Finansies.
BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
92.12 Deur voor subpos No. 92.12.10 die volgende in te voeg: "92.12.05 Grammofoonopnames, (plaat-tipe), vir die leer van tale	getal'	vry"		

OPMERKING: Spesifieke voorsiening, vry van reg, word gemaak vir grammofoonopnames (plaat-tipe), vir die leer van tale.

No. R. 2057 (Republiek)]

[2 November 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/3/21).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-Minister van Finansies.

BYLAE

I Verkoopreg-item	II Tariefpos en Beskrywing	III Skaal van Verkoopreg
148.00	Deur tariefpos No. 92.12 deur die volgende te vervang: "92.12 Grammofoonplate en ander klank- of dergelike opnames (uitgesonderd grammofoonplate vir die leer van tale en seismiese opnames); bereide bande, drade, stroke en soortgelyke artikels van 'n soort gewoonlik vir klank- of dergelike opnames gebruik	30%"

OPMERKING: Grammofoonplate, vir die leer van tale, word van verkoopreg vrygestel.

No. R. 2058 (Republic)]

[2 November 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/357).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.01	By the insertion after paragraph (4) of tariff heading No. 29.04 of the following: “(5) Isopropyl alcohol, isobutyl alcohol and secondary butyl alcohol, for the manufacture of xanthates	Full duty”

NOTE: Provision is made for a rebate of the full duty on isopropyl alcohol, isobutyl alcohol and secondary butyl alcohol, for the manufacture of xanthates.

No. R. 2058 (Republiek)]

[2 November 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/357).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.01	Deur na paragraaf (4) van tariefpos No. 29.04 die volgende in te voeg: “(5) Isopropielalkohol, isobutiellalkohol en sekondêre butiellalkohol, vir die vervaardiging van xantate	Volle reg”

OPMERKING: Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op isopropielalkohol, isobutiellalkohol en sekondêre butiellalkohol, vir die vervaardiging van xantate.

No. R. 2090 (Republic)]

[9 November 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/239).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part I of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
76.04 By the substitution for sub-heading No. 76.04.30 of the following: “76.04.30 Aluminium foil laminated to kraft paper with artificial plastic material or aluminium foil laminated to artificial plastic material, and reinforced with glass	kg	free”		

No. R. 2090 (Republiek)]

[9 November 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/239).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-Minister van Finansies.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
76.04 Deur subpos No. 76.04.30 deur die volgende te vervang: “76.04.30 Aluminiumfoelie wat aan kraftpapier met kunstplasticstof gelamelleer is of aluminiumfoelie wat aan kunstplasticstof gelamelleer is, en met glas- of sisalve-	kg	vry”		

of sisal fibre, in rolls of a width exceeding 1,2 m, commonly used as insulation material in buildings

sel versterk is, in rolle met 'n wydte van meer as 1,2 m, gewoonlik as isoleerstof in geboue gebruik

NOTE: The duty on aluminium foil laminated to artificial plastic material and reinforced with glass or sisal fibre, in rolls of a width exceeding 1,2 m, commonly used as insulation material in buildings is reduced to free.

OPMERKING: Die reg op aluminiumfoelie wat aan kunsplastiekstof gelamelleer is en met glas- of sisalvesel versterk is, in rolle met 'n wydte van meer as 1,2 m, gewoonlik as isoleerstof in geboue gebruik word na vry verminder.

No. R. 2091 (Republic) [9 November 1973

No. R. 2091 (Republiek)] [9 November 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/358).

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/358).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-Minister van Finansies.

SCHEDULE

BYLAE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
304.07	By the insertion after tariff heading No. 04.02 of the following: "10.01 Durum wheat, for the manufacture of macaroni, spaghetti and similar products	Full duty"
315.01	By the substitution for paragraph (2) of tariff heading No. 27.10 of the following: "(2) Residual fuel oils, for use in the reduction of iron ores or manganese ores	Full duty"

I Item	II Tariespos en Beskrywing	III Mate van Korting
304.07	Deur na tariefpos No. 04.02 die volgende in te voeg: "10.01 Durumkoring, vir die vervaardiging van macaroni, spaghetti en dergelike produkte	Volle reg"
315.01	Deur paragraaf (2) van tariefpos No. 27.10 deur die volgende te vervang: "(2) Residu-brandolies, vir gebruik by die reduksie van yster- of mangaanertse	Volle reg"

NOTES: (1) Provision is made for a rebate of the full duty on durum wheat for the manufacture of macaroni, spaghetti and similar products.

OPMERKINGS: (1) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op durumkoring vir die vervaardiging van macaroni, spaghetti en dergelike produkte.

(2) The provision for a rebate of duty on residual fuel oil for use in the reduction of iron ores is extended to include residual fuel oil used in the reduction of manganese ores.

(2) Die voorsiening vir 'n korting op reg op residu-brandolie vir gebruik by die reduksie van ysterertse word uitgebrei om residu-brandolie vir gebruik by die reduksie van mangaanertse in te sluit.

No. R. 2092 (Republic) [9 November 1973

No. R. 2092 (Republiek)] [9 November 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 6 (NO. 6/49).

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/49).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 6 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 6 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS,
Deputy Minister of Finance.

J. C. HEUNIS,
Adjunk-Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff item and Description	III Extent of Rebate	IV Extent of Refund
607.05.30	By the substitution for paragraph (1) of tariff item 105.10 of the following: “(1) In the reduction of iron ores or manganese ores	Full duty”	

NOTE: The provision for a rebate of excise duty on residual fuel oil for use in the reduction of iron ores is extended to include residual fuel oil used in the reduction of manganese ores.

BYLAE

I Item	II Tariefitem en Beskrywing	III Mate van Korting	IV Mate van Terugbe- taling
607.05.30	Deur paragraaf (1) van tariefitem 105.10 deur die volgende te vervang: “(1) By die reduksie van yster- of mangaanertse	Volle reg”	

OPMERKING: Die voorsiening vir 'n korting op aksynsreg op residu-brandolie vir gebruik by die reduksie van ysterertse word uitgebrei om residu-brandolie vir gebruik by die reduksie van mangaanertse in te sluit.

General Notices

(No. 52 of 1973.)

NOTICE TO HAVE LAND PROCLAIMED A PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that J. P. E. Roux proposes having his farm Welkom No. 1048 situated in the district of Grootfontein proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

WINDHOEK.
DATE: 29 October 1973.

Algemene Kennisgewings

(No. 52 van 1973.)

AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILD-RESERVE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennisgewing geskied hierby dat J. P. E. Roux van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, sy plaas Welkom No. 1048 geleë in die distrik Grootfontein tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

WINDHOEK.
DATUM: 29 Oktober 1973.

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIELE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIELE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, gedreë word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5,00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of revenue stamps affixed to the original notice, which must be submitted in duplicate:—

Type	Charge
1. Transfer of business	R2,25
2. Meeting of Sheriff	R2,25
3. Declaration of dividend	R2,25
4. Lost policy/deed/bond	R2,25
5. Sale in execution — Supreme Court	R3,75

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 8 is at the rate of 30c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

APPLICATIONS FOR MOTOR CARRIER CERTIFICATES.

The undermentioned applications for Motor Carrier Certificates indicate (1) reference number, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed motor carrier transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed Motor Carrier Transportation is to be effected, are published in terms of section thirteen (1) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act 39 of 1930) as amended, and regulation 5 of the Motor Carrier Transportation Regulations, 1964, as amended.

Written representations, in duplicate, supporting or opposing these applicants must be submitted to the address indicated within ten (10) days from the date of this application.

Address to which representations must be submitted: The Secretary, Local Road Transportation Board, Private Bag 13178, Windhoek, S.W.A.

3. Advertisensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertisensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te herstien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertisensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5,00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwester Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar deur inkomsteseëls op die oorspronklike kennisgewings, wat in duplikaat ingedien moet word, te plak:—

Type	Tarief
1. Oordrag van besigheid	R2,25
2. Vergadering van Balju	R2,25
3. Verklaring van dividend	R2,25
4. Verlore polis/akte/verband	R2,25
5. Regsveilings — Hooggeregshof	R3,75

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 8 genoem word, is teen die tarief van 30c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

AANSOEKE OM MOTORTRANSPORTSERTIFIKATE.

Die onderstaande aansoeke om Motortransportsertifikate, met aanduiding van (1) verwysingsnommer, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van voorgestelde motortransport, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor, of gebied waarin die voorgestelde vervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalinge van artikel dertien (1) van die Motortransportwet, 1930 (Wet 39 van 1930) soos gewysig, en regulasie 5 van die Motortransportregulasies 1964, soos gewysig, gepubliseer.

Skriftelike vertoë, in duplikaat, ter ondersteuning of bestyding van hierdie aansoeke moet binne tien (10) dae vanaf die datum van hierdie publikasie aan die aangeduide adres gerig word.

Adres waarheen vertoë gerig moet word: Die Sekretaris, Plaaslike Padvervoerraad, Privaatsak 13178, Windhoek, S.W.A.

P 202 (M 907) OKAHANDJA (2) J. J. Coetzee — Ver-voerkontrakteur — Okahandja (3) Gewysigde Magtiging — 4 voertuie: SH 432 — vragmotor — 10 ton, SH 2086 — vragmotor — 10 ton, SH 520 — sleepwa — 10 ton, SH 2087 — sleepwa — 10 ton. (4) en (5) soos per aangehegte bylaag "A".

"A"

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTOR-TRANSPORTSERTIFIKAAT NO. VOERTUIG NO.

1. Goedere en passasiers. Tussen Okahandja en die volgende plase: Agagia 186, Spytfontein 252, Maitland 273, Eendrag 374, Otjisondu 274, Ebenezer Mein 377, Laburus 425, Weltevrede 426, Bosrand 395, Uitkoms 398, Okamatangara 280, Okanjatustoor Reserwe, Otoetara 280, Brakwater 297, Eindelik 399, Vergenoeg 402, Brabant 403, Beatrix 653, Appelblaar 654, Oparakaan 333, Moedhoop 655, Wesselspunt 656, Wesselsput Oos 657, Springboklaagte 658, Buffelsdraai, Buffelsdraai 583, Otjinaso en Bergrus met die bepaling dat bogenoemde plase minstens een keer per week bedien moet word en spesiale ritte na Palmietfontein.
2. Lewende hawe. Vanaf plase na plase, vanaf plase na veevendusies, vanaf veevendusies na plase, vanaf plase en veevendusies na die naaste spoorwegstasie. Binne die land-drosdistrik van Okahandja.
3. Goedere. Tussen Okahandja en die volgende plase: Agagia Ranch 186, Agagia, Oukongo Süd 175, Milanda 154, Mahnbrunn 223, Emmabrunn 222, Harmonie 225, Tweekoppies 221, Gemsbok 210, Nooitgedagt 209, George 215, Okatnoagero 214, Sterkfontein 216, Prinshoek 217, Rema 219, Klawerjas 218, Kalkloch 230 en Kamp 220 met die bepaling dat bogenoemde plase minstens een keer per week bedien moet word.
4. Goedere. Vanaf en na Okahandja na en vanaf Duikersvlei gedeelte X van Kiesmet 330.
5. Goedere. Vanaf en na Okahandja na en vanaf plase Om-bukombapa en Okamahapu 1 en 2 distrik Okahandja.
6. Lewende hawe. Vanaf die plase genoem in paragrawe 1, 3, 4 en 5 hiervoor met uitsluiting van Beatrix 653, Appelblaar 654, Oparakaan 333, Moedhoop 655, Wesselsput 656, Wesselsput Oos 657, Springboklaagte 658, Buffelsdraai 583, Bergrus, Palmietfontein en Duikersvlei gedeelte X van Kiesmet 330 geleë binne Gobabis landdrosdistrik na Windhoek slagpale.

SEKRETARIS.

P 203 (M 842) S.W.A. (2) S.A. Spoorweë — Ver-voerorganisasie — Windhoek (3) Bykomende voertuig — MT 31188 — Leunwa — 20865 kg. (4) Goedere soos per bestaande magtiging. (5) Oor alle bestaande goedgekeurde roetes.

P 204 (M 895) WALVISBAAI (2) Nuwe Westelike Visbedryf — Visfabriek — Walvisbaai (3) Bykomende voer-tuig — SV 4878 — 5 sitplekke. (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. bereken vanaf die houer se

eie *bona fide* plek van besigheid te Walvisbaai. (4)(b) Eie werknemers. (5)(b) Vanaf en na hul tuistes te Walvisbaai na en vanaf die houer se eie *bona fide* plek van besigheid te Walvisbaai.

P 205 (M 849) R.S.A. (2) M. C. Ferreira — Sakevrou — Windhoek (3) Nuwe aansoek — 1 bus SW 8290 — 35 sitplekke. (4) en (5) soos per aangehegte bylaag "A".

"A"

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTOR-TRANSPORTSERTIFIKAAT NO. VOERTUIG NO.

1. Blanke skoliere, hul toesighouers en persoonlike bagasie met uitnaweke. Vanaf en na Windhoek na en vanaf Gobabis.
2. Blanke skoliere, hul toesighouers en persoonlike bagasie wat gesamentlik 'n reis onderneem vir opvoedkundige doeleindes. Vanaf Windhoek na plekke binne Suidwes-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika (met uitsluiting van die Transkei bestaande uit Bantoegebiede soos omskryf in Artikel 2 van die Transkei Grondwet 1963 (Wet 48 van 1963) soos van tyd tot tyd by proklamasie in die Staatskoerant gewysig) en terug, op voorwaarde dat die terugreis binne 36 uur na voltooiing van die heenreis 'n aanvang neem.
3. Blanke skoliere, hul toesighouers en persoonlike bagasie wat gesamentlik 'n reis onderneem vir godsdienstige doeleindes en om sportbyeenkomste by te woon. Vanaf Windhoek na plekke binne Suidwes-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika (met uitsluiting van die Transkei bestaande uit Bantoegebiede soos omskryf in Artikel 2 van die Transkei Grondwet 1963 (Wet 48 van 1963) soos van tyd tot tyd by proklamasie in die Staatskoerant gewysig) en terug op voorwaarde dat die terugreis binne 36 uur na voltooiing van die heenreis 'n aanvang neem.
4. Blanke godsdienstige groepe en sportgroepe. Vanaf Windhoek na plekke binne Suidwes-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika (met uitsluiting van die Transkei bestaande uit Bantoegebiede soos omskryf in Artikel 2 van die Transkei Grondwet 1963 (Wet 48 van 1963) soos van tyd tot tyd by proklamasie in die Staatskoerant gewysig) en terug op voorwaarde dat die terugreis binne 36 uur na voltooiing van die heenreis 'n aanvang neem.

SEKRETARIS.

P 206 (M 893) R.S.A. (2) Furniture Packers & Removers (P-ty) Ltd. — Meubelvervoerders — Windhoek (3) Bykomende voertuig — SW 24274 — sleepwa — 12240 kg. (4) & (5) soos per aangehegte bylaag "A".

A.

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTOR-TRANSPORTSERTIFIKAAT NO. VOERTUIG NO.

1. Eie goedere. Binne 'n gebied met 'n radius van 50 (vyftig) km. vanaf eie plek van besigheid te Windhoek.

2. Goedere. Binne 'n gebied met 'n radius van 50 (vyftig) km. vanaf Windhoek poskantoor met die bepaling dat geen goedere opgelaaï mag word op 'n plek binne 'n strook van 10 (tien) km. weerskante van 'n spoorweg, of gereelde padvervoerdienste ten opsigte waarvan 'n motortransportsertifikaat bestaan indien sodanige goedere op 'n ander plek geleë binne 'n strook van 10 (tien) km. weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdienste wat 'n skakel met sodanige spoorweg of padvervoerdienste vorm, afgelaaï moet word nie, indien gemelde dienste sodanige plekke bedien of bereid is om sodanige plekke te bedien.
3. Asbakkies op voetstukke gemonteer, bababadkassies met of sonder bababadjies, babastoele, baddens, bedkassies, bedkopstukke, blomstaanders, boekrakke, buffette, divankopstukke, divans, hangkaste, houtbakke, houtborde, houtskinkborde, huistydsklokke (uitgesluit wekkers en elektriese horlosies), kabinette, kaggelskerms, kamerverdelerskerms, staankapstukke, kassies vir tafelgerei, kleedtafels, klerekaste, kombuis-kaste, koswaentjies, kroegtoonbanke, kussingstoele, laaikaste, lampstaanders, lessenaars, linnekaste, matrasse, medisynekaste, portrette, rusbanke, skeerkassies, rusbanke, skilderye, speelkampies, spieël-kaste, spieëltafels, stilletjies, stoele, stoepbanke, strykplanke, tafels, teewaentjies, tuinbanke, tydskrifrakke, vertoonkaste, voetstoeltjies, wastafels, wiegies, stoffeermateriaal, tapyte, vloermatte, gordyne en kussings. Vanaf 'n winkel of ander plek van verkoop na privaat woonhuise binne 'n omtrek van 240 (tweehonderd-en-veertig) km. vanaf Windhoek Poskantoor.
4. Onderdele en nodige gereedskap vir die dringende herstel van eie voertuie wat onderweg defek geraak het binne die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.
5. *Bona fide* huistrekke vanaf een woonhuis na 'n ander woonhuis en vanaf 'n woonhuis na 'n plek van opberging of vanaf 'n plek van opberging na 'n woonhuis of vanaf 'n plek van opberging na 'n ander plek van opberging binne die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.
6. Bome en plante in houers vanaf een kwekery na 'n ander kwekery vanaf 'n kwekery na bloemiste en winkels, vanaf 'n bloemiste of winkel na 'n woonhuis binne Suidwes-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika.
7. Asbakstaanders met of sonder asbakkies, bababadkassies, babastoele, beddens, bedkassies, bedkopstukke, blomstaanders, boekrakke, boekkaste, banke, buffette, divankopstukke, divans, hangkaste, houtbakke, houtborde, houtskinkborde, staanhorlosies (uitgesluit wekkers en elektriese horlosies), kabinette, kaggelskerms, kamerverdelerskerms, staankapstukke, kassies vir tafelgerei, drankkabinette, glasvertoonkaste, kleedtafels, laaikaste, klerekaste, kombuis-kaste, lampstaanders, lessenaars, linnekaste, matrasse, medisynekaste, rusbanke, skeerkassies, speelkampies, spieël-kaste, spieëltafels, stilletjies, stoele, stoepbanke, strykplanke, tafels, teewaentjies, tuinbanke, tydskrifrakke, glasvertoonkaste, voetstoeltjies, wastafels, wiegies met of sonder staanders, huishoudelike kiosks, huishoudelike staanders, klaviere, orrels, kerkbanke, preekstoele, platespelers, plaicstaanders, radiogramme met of sonder elektriese versterkers en los luidsprekers, skoenkassies,

speelgoedhuise, trouseaukiste, stowe, wasmasjiene en yskaste. Vanaf een fabriek na 'n ander, vanaf 'n fabriek na 'n meubelwinkel, vanaf 'n meubelwinkel na 'n fabriek, vanaf 'n fabriek na 'n woning, vanaf 'n woning na 'n stoorplek, vanaf 'n stoorplek na 'n woning, vanaf 'n woning na 'n ander woning, vanaf 'n meubelwinkel na 'n woning en verpakkingsmateriaal slegs vir eie gebruik binne Suidwes-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika.

SEKRETARIS.

P 207 (M 905) LUDERITZ (2) Freight Services (Pty) Ltd. — Clearing and travel agents — Luderitz (3) New application — SV 1186 — Bus — 7 passengers (4) White passengers and general goods. (5) From and to own place of business at Luderitz to and from Luderitz Airport.

P 208 (M 904) KARASBURG (2) J. A. van Zyl & A. J. Kriel — Operateur en Bouvoorman — Karasburg (3) Nuwe aansoek — SA 254 — vragmotor — 3 ton behorende aan J. A. van Zyl (4) Sand, klip, stene, algemene boumateriaal, kraalmis, brandhout, wol, lewendige hawe en algemene plaasprodukte. (5) Vanaf en na Karasburg na en vanaf plekke geleë binne die landdrostdistrik van Karasburg. (Weg van spoorwegroetes).

P 209 (M 899) ORANJEMUND (2) Consoldia (Pty) Ltd. — Mining Industry — Oranjemund (3) Additional vehicle — SC 2170 — Volkswagen Kombi — 10 passengers (4)(a) White visitors to Oranjemund and own employees and their dependants. (5)(a) Between Oranjemund, Kolmanskop, Luderitz, Kleinzee, Springbok and Bitterfontein. (4)(b) Small parcels belonging to applicants company and/or to employees of applicant's company and/or visitors. (5)(b) Between Oranjemund, Kolmanskop, Luderitz, Kleinzee, Springbok and Bitterfontein.

P 210 (M 889) WINDHOEK (2) R. Weber — Dental mechanic — Windhoek (3) New application — SW 3405 — truck — 1 ton (4) Braai hout. (5) Within an area with a radius of 50 km. from General Post Office Windhoek.

P 211 (M 902) WINDHOEK (2) M. G. A. Pieters — Weduwee — Windhoek (3) Nuwe aansoek — SW 9941 — motor — 6 sitplekke (4) Blanke huurmotorpassasiers en hul persoonlike besittings. (5) Binne die munisipale gebied van Windhoek.

P 212 (M 868) WINDHOEK (2) P. Gallant — Motorwerktuigkundige — Windhoek (3) Nuwe aansoek — SW 10869 — Sedan Motor — 6 sitplekke (4) Bantoe, Asiaat en Kleurling huurmotorpassasiers (5)(i) Vanaf Taxi Rank op hoek van Pietersen en Sterling Strate aansluiting na enige plek in Windhoek Munisipale gebied (ii) Soos passasier verlang om vervoer te word.

P 213 (M 854) WALVISBAAI (2) C. Christof — driver — Walvis Bay (3) New application — 1 Volkswagen Kombi to be acquired (4) Bantu taxi passengers and their personal effects. (5) (i) Within the municipal area of Walvis Bay (ii) Between Kuisebmond and Walvis Bay.

P 215 (M 857) ONDANGUA (2) P. Angula — Algemene handelaar — Okathima (3) Nuwe aansoek — SBA 529 — Vragmotor — 1700 kg. (4) Eie goedere. (5) Vanaf Ondangua na Okathima oor Oshakati, Oshikuka en Okando.

16 (M 880) WINDHOEK (2) A. C. Louw — Klerk — Windhoek (3) Nuwe aansoek — SW 5439 — Sedan Motor — itplek (4)(a) Goedere behorende aan en ten behoewe van Scanova Shipair Services (Edms) Bpk. (5)(a) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. vanaf Windhoek Hoofskantoor. (4)(b) Werknemers van Scanova Shipair Services (Edms) Bpk. en werknemers van skeepseienaars vir wie Scanova Shipair Services (Edms) Bpk. as agent optree op voorwaarde dat Blank en Nie-blank nie gelyktydig vervoer word nie. (5)(b) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. vanaf Windhoek Hoofskantoor.

217 (M 879) WINDHOEK (2) P. Kawanab — Smous — Windhoek (3) Nuwe aansoek — SW 24345 — Paneelwa — 1 kg. behorende aan H. G. Shino (4) Algemene goedere. (5) Binne die landdrostdistrik van Windhoek.

218 (M 875) WINDHOEK (2) Mullers Transport (Edms) Bpk. — Vervoerkontraakteur — Windhoek (3) Nuwe aansoek (aanhernuwing) — SX 3513 — vragmotor — 10 ton; SX 438 — vragmotor — 20,000 lb. (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. bereken vanaf die oer se eie *bona fide* plek van besigheid te Windhoek. (4)(b) Eie werknemers in die loop van hul diens (mits geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie). (5)(b) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. bereken vanaf die oer se eie *bona fide* plek van besigheid te Windhoek. (4)(c) Goedere behorende aan en ten behoewe van Blankes. (5)(c) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. bereken vanaf Windhoek Hoofskantoor (plek of plaas pro-forma). (4)(d) Sand, klip, bakstene, kraalmis en vuurmaakhout behorende aan en ten behoewe van Blankes. (5)(d) Binne 'n gebied met 'n radius van 35 km. bereken vanaf Hoofskantoor Windhoek.

219 (M 876) KAMANJAB (2) J. D. Matsuib — Oorwagter — Kamanjab (3) Nuwe aansoek — SO 3029 — Bakkie — 1 ton (4) Bantoe en Kleurling georganiseerde oepes na sportbyeenkomste, begrafnisse, pieknieks of omvang van musiekuitvoerings te gee op naweke en openbare kamsiedae (5) Vanaf Kamanjab na plekke binne Namaland, Kaokoland en die landdrostdistrikte van Outjo, Jiwarongo, Omaruru en terug na Kamanjab.

220 (M 879) ONDANGWA (2) D. Kulja — Algemene handelaar — Ondangwa (3) Nuwe aansoek — SW 20489 — vragmotor — 1½ ton (4) Eie algemene goedere. (5) Vanaf Windhoek na Ondangwa.

221 (M 878) ONDANGWA (2) J. G. Uushona — Algemene handelaar — Ondangwa (3) Nuwe aansoek — SBA 74 — bakkie — 1½ ton (4) Eie algemene goedere. (5) Vanaf Windhoek na Ondangwa.

222 (M 884) KEETMANSHOOP (2) J. L. Cohen Motors (SWA) (Pty) Ltd. — Motorhandelaars — Keetmanshoop (3) Nuwe aansoek — SK 1583 — vragmotor — 1½ ton (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Vanaf eie plek van besigheid te Keetmanshoop plekke binne S.W.A. (4)(b) Eie werknemers in die loop van hul diens (mits geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie). (5)(b) Binne S.W.A. (4)(c) Eie onderdele vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering na enige besigheidspersoneel ter aanvulling van

voorrade, asook motorfiets. (5)(c) Binne S.W.A. vanaf plek van besigheid. (4)(d) Eie gereedskap in gebruik vir eie gebruik alleenlik. (5)(e) Binne S.W.A. (4)(e) Eie kliënte. (5)(e) Vanaf en na Werkswinkel te Keetmanshoop na en vanaf hulle tuistes of werk.

P 223 (M 882) WINDHOEK (2) J. L. Cohen Motors (SWA) (Pty) Ltd. — Motorhandelaars — Windhoek (3) Nuwe aansoek — SW 21225 — vragmotor — 2 ton; SW 18448 — vragmotor — 1 ton; SW 2590 — vragmotor — 2 ton. (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Vanaf eie plek van besigheid te Windhoek na plekke binne S.W.A. (4)(b) Eie werknemers in die loop van hul diens (mits geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie). (5)(b) Binne S.W.A. (4)(c) Eie onderdele vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering na enige besigheidspersoneel ter aanvulling van voorrade, asook motorfiets. (5)(c) Binne S.W.A. vanaf plek van besigheid. (4)(d) Eie gereedskap in gebruik vir eie gebruik alleenlik. (5)(d) Binne S.W.A. (4)(e) Eie kliënte. (5)(e) Vanaf en na werkswinkel te Windhoek na en vanaf hulle tuistes of werk.

P 224 (M 885) WALVISBAAI (2) J. L. Cohen Motors (S.W.A.) (Pty) Ltd. — Motorhandelaars — Walvisbaai (3) Nuwe aansoek — SV 4825 — Bakkie — 1 ton; SV 4396 — bakkie — 1 ton. (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Vanaf eie plek van besigheid te Walvisbaai na plekke binne S.W.A. (4)(b) Eie werknemers in die loop van hul diens (mits geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie). (5)(b) Binne S.W.A. (4)(c) Eie onderdele vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering na enige besigheidspersoneel ter aanvulling van voorrade, asook motorfiets. (5)(c) Binne S.W.A. vanaf plek van besigheid. (4)(d) Eie gereedskap in gebruik vir eie gebruik alleenlik. (5)(d) Binne S.W.A. (4)(e) Eie kliënte. (5)(e) Vanaf en na werkswinkel te Walvisbaai na en vanaf hulle tuistes of werk.

P 225 (M 883) GOBABIS (2) J. L. Cohen Motors (SWA) (Pty) Ltd. Motorhandelaars — Gobabis (3) Nuwe aansoek — SX 554 — vragmotor — 1 ton (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Vanaf eie plek van besigheid te Gobabis na plekke binne S.W.A. (4)(b) Eie werknemers in die loop van hul diens (mits geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie). (5)(b) Binne S.W.A. (4)(c) Eie onderdele vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering na enige besigheidspersoneel ter aanvulling van voorrade, asook motorfiets. (5)(c) Binne S.W.A. vanaf plek van besigheid. (4)(d) Eie gereedskap in gebruik vir eie gebruik alleenlik. (5)(d) Binne S.W.A. (4)(e) Eie Kliënte. (5)(e) Vanaf en na werkswinkel te Gobabis na en vanaf hulle tuistes of werk.

P 226 (M 881) OTJIWARONGO (2) J. L. Cohen Motors (SWA) (Pty) Ltd. — Motorhandelaars — Otjiwarongo (3) Nuwe aansoek — SO 2626 — bakkie — 1 ton; SO 1708 — bakkie ½ ton (4)(a) Eie goedere. (5)(a) Vanaf eie plek van besigheid te Otjiwarongo na plekke binne S.W.A. (4)(b) Eie werknemers in die loop van hul diens (mits geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie). (5)(b) Binne S.W.A.

(4)(c) Eie onderdele vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering na enige beesigheidspersoneel ter aanvulling van voorrade, asook motorfiets. (5)(c) Binne S.W.A. vanaf plek van besigheid. (4)(d) Eie gereedskap in gebruik vir eie gebruik alleenlik. (5)(d) Binne S.W.A. (4)(e) Eie kliënte. (5)(e) Vanaf en na werkwinkel te Otjiwarongo na en vanaf hulle tuistes of werk.

P 227 (M 892) RUACANA (2) M. F. Avelar — Vervoerkontraakteur — Ruacana (3) Nuwe aansoek — APN 07-88 — vragmotor — 7 ton; AAF 15-80 — vragmotor — 7 ton (4) Sand, gruis, klip, stene en grond. (5) Binne 'n gebied met 'n radius van 50 km. bereken vanaf Ruacana.

P 228 (M 897) S.W.A. (2) J. J. L. Coetzee — Grafsteenoprichter — Bloemfontein (3) Gewysigde magtiging — OB 10616 — vragmotor — 4999 kg. (4)(a) Grafstene en grafsteenonderdele. (5)(a) Vanaf die naaste spoorwegstasie geleë binne S.W.A. na plekke binne S.W.A. vir onmiddellike oprigting. (4)(b) Nie meer as 681 kg. massa per enkel rit van die materiaal benodig deur die houër van hierdie sertifikaat, vir die oprigting van grafstene. (5)(b) Binne S.W.A. (4)(c) Eie sand en klip vir die gebruik (5)(c) Vanaf naaste plek van aankoop geleë binne S.W.A. na die houër se eie *bona fide* oprigtingspersele geleë binne S.W.A. (4)(d) Eie rantsoen vir eie gebruik. (5)(d) Vanaf die naaste dorp of spoorwegstasie na eie oprigtingspersele geleë binne S.W.A. (4)(e) Verpakkingsmateriaal. (5)(e) Vanaf plekke geleë binne S.W.A. na Bloemfontein.

P 229 (M 604) KEETMANSHOOP (2) G. S. Maritz Transport & Karwei (Edms) Bpk. wat handel dryf as Blitz Transport — Vervoerkontraakteur — Keetmanshoop. (3) Oordrag vanaf G. S. Maritz 27 voertuie met magtigings soos uiteengesit.

Magtiging op voertuie SK 549, SK 58, SK 551, SH 688, SK 1368, SK 2139, SK 2264, SK 2618 en SK 2685:

Soos per aangehegte bylaag "D"

Op voertuie SK 550, SK 795, SK 922, SK 944, SK 1647, SK 1750, SK 2133, SK 2317, SK 2574, SK 2623, SK 2633, SK 2870:

Soos per aangehegte bylaag "B".

Op voertuig SK 1748:

Soos per aangehegte Bylaag "C".

Op voertuie SK 699 & SK 2017:

Soos per aangehegte bylaag "D".

Op voertuig SK 2656:

Soos per aangehegte bylaag "E".

Op voertuig SK 981:

Soos per aangehegte bylaag "F".

Op voertuig SK 576:

Soos per aangehegte bylaag "G".

B.

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTOR-TRANSPORTSERTIFIKAAT NO. VOERTUIG NO.

- Goedere behorende aan Blankes ten behoeve van Blankes en goedere behorende aan Nie-blankes ten behoeve van Nie-blankes binne die landdrosdistrik van Keetmanshoop. Met die bepaling dat geen goedere opgelaaï mag word op 'n punt binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van 'n spoorweg of gereelde padvervoerdiens ten opsigte waarvan 'n motortransportsertifikaat bestaan; indien sodanige goedere op 'n ander punt geleë binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdiens of enige ander spoorweg of gereelde padvervoerdiens wat skakel met sodanige spoorweg of padvervoerdiens vorm, afgelaaï moet word nie, indien gemelde dienste sodanige punte bedien of bereid is om sodanige punte te bedien.
- Warm teer en bitumen emulsie vanaf depots of verwarmingspunte in S.W.A. na padbouterreine binne S.W.A. vir onmiddellike aanwending.
- Nie-blanke arbeiders vanaf Namib Quarries (Edms.) Bpk. na Keetmanshoop en terug.
- Nie-blanke georganiseerde geselskappe op Saterdag, Sondag en Openbare vakansiedae vanaf Keetmanshoop na punte binne 'n radius van 480 (vierhonderd-en-tagtig) kilometer vanaf Keetmanshoop Poskantoor en terug onderhewig aan die voorwaarde dat die terugreis binne 36 (ses-en-dertig) uur, na aankoms op bestemming, onderneem word.

SEKRETARIS.

C.

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTORTRANSPORTSERTIFIKAAT NO. VOERTUIG NO.

- Goedere behorende aan Blankes ten behoeve van Blankes en goedere behorende aan Nie-blankes ten behoeve van Nie-blankes binne die landdrosdistrik van Keetmanshoop. Met die bepaling dat geen goedere opgelaaï mag word op 'n punt binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van 'n spoorweg of gereelde padvervoerdiens ten opsigte waarvan 'n motortransportsertifikaat bestaan; indien sodanige goedere op 'n ander punt geleë binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdiens of enige ander spoorweg of gereelde padvervoerdiens wat skakel met sodanige spoorweg of padvervoerdiens vorm, afgelaaï moet word nie, indien gemelde dienste sodanige punte bedien of bereid is om sodanige punte te bedien.
- Warm teer en bitumen emulsie vanaf depots of verwarmingspunte in S.W.A. na padbouterreine binne S.W.A. vir onmiddellike aanwending.
- Nie-blanke arbeiders vanaf Namib Quarries (Edms.) Bpk. na Keetmanshoop en terug.
- Nie-blanke georganiseerde geselskappe op Saterdag, Son-

dae en Openbare vakansiedae vanaf Keetmanshoop na punte binne 'n radius van 480 (vierhonderd-en-tagtig) kilometer vanaf Keetmanshoop Poskantoor en terug onderhewig aan die voorwaarde dat die terugreis binne 36 (ses-en-dertig) uur, na aankoms op bestemming, onderneem word.

SEKRETARIS.

C(i)

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTOR-
TRANSPORTSERTIFIKAAT NO. VOERTUIG
NO.

